19 Februarie 2016

PERSVERKLARING
VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING
UITGEREIK DEUR: Gerhard van Huyssteen

Beter Afrikaans nou nog beter.

Pretoria. Die alombekende gratis webdiens, *Beter Afrikaans*, is onlangs aansienlik uitgebrei en verbeter. Nie net spog dié diens nou met splinternuwe mobiele toepassings vir Android en iOS nie, maar ook met meer as 2 000 nuwe vrae in die vraagbank en 'n groepfunksie wat handig vir onderwysers en dosente te pas sal kom.

Beter Afrikaans is 'n gratis webdiens waar Afrikaanssprekendes, en selfs aanleerders van Afrikaans, meer kan leer oor die spel- en skryfreëls van Afrikaans. Meer as 9 000 gebruikers maak al van *Beter Afrikaans* gebruik.

Die webdiens werk op 'n eenvoudige, doeltreffende manier. As 'n persoon geregistreer het op die webwerf, kan die persoon elke weeksdag 'n speltoets in minder as twee minute voltooi – hetsy op 'n rekenaar, tablet of selfoon. Die speltoets bestaan uit vier veelkeusevrae; sodra die vrae beantwoord is, ontvang die gebruiker onmiddellik 'n kort bespreking oor die korrekte antwoorde.

Indien die gebruiker meer wil leer, is daar meer omvattende dog eenvoudige verduidelikings op die webwerf beskikbaar. Onderwerpe soos los of vas skryf, hoofletters, homonieme, idiome, intensiewe vorme, en nog baie meer word gedek.

"Met die finansiële ondersteuning van die Dagbreek Trust is *Beter Afrikaans* onlangs aansienlik uitgebrei om dit nog meer aantreklik vir veral jong gebruikers te maak," sê Gerhard van Huyssteen, ontwikkelaar van *Beter Afrikaans*.

"Ons het geluister na die versoeke van ons gebruikers toe ons die nuwe weergawe van die mobiele toepassing ontwerp het. Gebruikers hoef nou nie meer 'n daaglikse e-pos te ontvang nie, maar kry 'n direkte kennisgewing ("push notification") op hulle slimfone of tablette. Jy kan ook nou maklik binne-in die toepassing jou vlak van deelname (maklik, gemiddeld, moeilik) verander," vertel Van Huyssteen.

In samewerking met die *HAT Afrikaanse Skoolwoordeboek* (Pearson) word die vraagbank van Beter Afrikaans nou op 'n gereelde grondslag uitgebrei. Jana Luther, hoofredakteur van die bekende HAT sê: "Deur *Beter Afrikaans* sáám met die *HAT Afrikaanse Skoolwoordeboek* te gebruik, kan onderwysers nuwe wêrelde vir leerders oopmaak. Op 'n speelse, interaktiewe wyse kan leerders nuwe woorde leer, asook meer te wete kom oor betekenisse en spesifieke spelreëls."

'n Ander, nuwe funksie wat in taalonderrigsituasies gebruik kan word, is die groepfunksie. "Dosente of onderwysers kan 'n groep stig vir elke klasgroep. Leerders kompeteer dan met mekaar om te sien wie die topspeller in die klas is. Aan die einde van die kwartaal of semester kan die punte dan afgelaai word om maklik oorgedra te word op die skool se puntestelsel," verduidelik Milton Webber,

een van die vraagopstellers van Beter Afrikaans. “Boonop kan gebruikers hulle uitslae op Twitter met ander gebruikers deel. Dit dien ook sommer as lekker aanknopingspunt vir klasbesprekings.”

Die ontwikkeling van ’n soortgelyke diens vir wiskunde (*Beter Wiskunde* en *Better Maths*) het ook reeds ’n aanvang geneem.

Beter Afrikaans is ontwikkel in samewerking met ’n soortgelyke webdiens vir Nederlands, *Beter Spellen* (www.beterspellen.nl). Ander tale in die *Beter X*-suite sluit in Duits, Frans en Engels (met Nederlands as onderrigtaal).

Besoek gerus *Beter Afrikaans* se webwerf www.beterafrikaans.co.za, Facebookblad by www.facebook.com/beterafrikaans, of op Twitter @beterafrikaans.

KONTAKBESONDERHEDE VIR MEER INLIGTING:

Gerhard van Huyssteen
Eienaar: Trifonius (www.trifonius.co.za)
Tel: 082 562 4814
E-pos: gerhard@trifonius.co.za
Webwerf: www.beterafrikaans.co.za
Facebook: www.facebook.com/beterafrikaans
Twitter: @beterafrikaans
Android-toepassing: https://play.google.com/store/apps/details?id=com.orangegears.beterafrikaans
iOS-toepassing: https://itunes.apple.com/app/beter-afrikaans/id991288899

Beter Afrikaans

GRAFIKA

Toets van die dag: Selfoon

Uitslag van toets: Selfoon



Doen ou toetse: Selfoon

Kry direk toegang tot verskillende funksionaliteite: Selfoon



Kies hoe jy herinner wil word aan toetse: Selfoon



HAT Afrikaanse Skoolwoordeboek